



## Wêreldvooruitsig: April 2009

*Deur Kevin Lings, ekonoom, STANLIB*

Die huidige ekonomiese, sake- en beleggingsomgewing is steeds uiters uitdagend.

Die grootste bron van kommer is die styging in werkverliese wat die reeds benarde situasie verder nog aansienlik kan vererger. Die wêreldrecessie gebeur teen 'n 'fast forward'-snelheid.

Gelukkig word enorme beleidsondersteuning nou gebied in 'n poging om die wêreld- en plaaslike ekonomieë 'n hupstoot te gee. Realisties beskou, sal produksie-afnames waarskynlik vir die grootste deel van 2009 voortduur, maar die huidige beleidstimulus behoort 'n minstens matige ekonomiese herstel in die loop van 2010 teweeg te bring.

### **Al die vernaamste ekonomieë is in 'n resessie**

Gedurende die eerste kwartaal van 2009 was die ekonomiese data vanuit die VSA, die Euro-gebied, die VK en Japan ontstellend swak. Ekonomiese aktiwiteit het afgeneem teen die vinnigste pas sedert die 1940's, terwyl werkloosheid op 'n wêreldskaal skerp toeneem.

Huidiglik is al die grootste ontwikkelde ekonomieë in resessie.

Die swakheid in die wêreld ekonomie was skielik, kwaai en wydverspreid. Dit is dus nie verrassend nie, dat die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) weer eens sy wêreldgroeivoorspelling hersien en aangepas het, van +0.5% laat in 2008 na -0.5%. Soos verwag, het die meeste sentrale banke wêreldwyd voortgegaan om in die eerste kwartaal rentekoerse te verlaag.

### **Aandelepryse hou aan daal**

Sedert die begin van 2009 het aandelepryse in die VSA en wêreldwyd voortgegaan om te daal. Teen die middel van Maart het die S&P reeds met sowat 13% gedaal (nadat die aandelemark vroeg in Maart reeds 'n dramatiese 25% verloor het). Dit volg op 'n verlies van omstreeks 38% in 2008. Huispryse daal voortdurend.

### **VSA: verbruikerskuld daal en besparing styg**

Verbruikerskuld in die VSA, wat verbandskuld uitsluit, het teen die einde van 2008 met 'n betekenisvolle \$20.9 biljoen gedaal. Na verwagting sal die uiters rare verskynsel in 2009 voortduur. Hierdie neiging word weerspieël in die toename in die persoonlike besparingskoers in die VSA, wat van omtrent 0% van 'n besteebare inkomste vroeg in 2008 gestyg het tot die huidige koers van 5.0% van besteebare inkomste. Dit is die hoogste persoonlike besparingskoers in meer as 'n dekade.

Hoewel Amerikaanse verbruikers in die afgelope jaar \$11.3 triljoen aan batewaardes verloor het, het die totale waarde van dié land se huishoudings in totaal steeds teen einde 2008 op 'n indrukwekkende \$51.5 triljoen gestaan. Dit is gelykstaande aan 'n respektabele 483% van besteebare inkomste (4.83 maal die jaarlikse inkomste na belasting) vergeleke met 'n gemiddeld van 490% sedert 1960.

### **Vooruitskouing: twee hoofrisiko's**

Daar is 'n risiko dat huis- en aandelepryse sal voortgaan om betekenisvol te daal. Dit sal meebring dat 'n omvattende hoeveelheid huishoudelike rykdom verder vernietig word, terwyl dit die reeds kwesbare Amerikaanse bankstelsel verder sal verswak.

Die tweede risiko is dat die tempo van werkverliese wat op 650 000 per maand staan, sal voortduur en druk sal plaas op die vermoë van verbruikers om hul skuld te diens. Dit sal batepryse onder groter druk plaas en die banksektor verswak.

### **VSA wys tentatiewe tekens van herstel**

Gelukkig het onlangse sleutel-inligting van die Amerikaanse ekonomie gewys op tentatiewe tekens van verbetering teen die einde van die eerste kwartaal van 2009. Die Federale Reserwe het aangedui dat dit sal voortgaan om verband-gesteunde sekuriteite te koop, sowel as regeringsobligasies. Dit, tesame met die federale fondskoers wat op 'n rekordlaagte staan, sal verbandkoerse na verwagting relatief laag hou en 'n toename in huismarkbedrywighede aanwakker. Verbandaansoeke in die VSA het begin toeneem, terwyl die Veranderlikheidsindeks (VIX) begin stabiliseer het.

### **Ekonomiese bedrywigheid in Suid-Afrika het aansienlik afgeneem**

Teen die agtergrond van 'n vinnig verswakkende wêreld ekonomie, het ekonomiese bedrywighede in Suid-Afrika in die afgelope maande aansienlik afgeneem – veral wat betref vervaardiging en uitvoere. Die vervaardigingssektor is in resessie en is onder geweldige druk vanweë traë uitvoere, 'n baie swak motorbedryf, oortollige inventarisse en 'n afname in algemene binnelandse bedrywighede, insluitend die boubedryf.

Hierdie insakking word deur die Q1 2009 Sakevertroue-indeks weerspieel, wat met 'n verdere 6 indekspunte tot 27 gedaal het. Dit is sy laagste vlak in 10 jaar. Vir 2009 voorspel ons dat die BBP (Bruto Binnelandse Produk) sal terugsak tot slegs 0.5% jaar-op-jaar, met die meeste sleutelsektore van die ekonomie na verwagting in 'n resessie of op die rand daarvan.

### **Vertoning van SA bate-klasse**

Gedurende 2008 het die huisverbandmark as bate-klas die beste vertoon in Suid-Afrika, met 'n opbrengs van 17%. Die grootste deel van die groei was in die laaste kwartaal van 2008, na 'n swak vertoning in die eerste helfte. Die mark het sedertdien met 'n paar persentasiepunte gedaal vanweë kommer oor 'n massiewe toename in die leningsbehoefte van die openbare sektor.

In teenstelling daarmee het die SA aandelemark in 2008 met 'n massiewe 23.2% gedaal, wat die (kalender-)jaar se aandeelvertoning die tweede swakste seker 1960 maak. Die aandelemark het vroeg in 2009 aangehou daal en was teen middel Maart sowat 10% laer.

### **Kommer oor werkverliese**

Met stygende koste en 'n vertraging in inkomstegroei, word baie maatskappye se verdienste onder druk geplaas. Derhalwe is daar toenemende kommer dat die ekonomie onder omvattende werkverliese gebuk sal gaan. Hopelik sal die meeste maatskappye in die lig van Suid-Afrika se tekort aan vaardighede huiwerig wees om te veel aan werknemersgetalle te sny.

### **Uitwerking van monetêre en fiskale aansporings sal tyd kos**

Verbruikersinflasie sal na verwagting in die loop van 2009 daal. Die skerp daling in die olieprys, tesame met die afname in binnelandse vraag, het die kommer oor binnelandse inflasie aansienlik getemper. Dit behoort die weg te baan vir verdere rentekoersdalings in die loop van 2009.

Dit kos tyd vir rentekoerse om 'n uitwerking te hê en dit is derhalwe onrealisties om 'n betekenisvolle reaksie op hierdie monetêre stimulus te verwag voor die einde van 2009. Verder sal die groter fiskale stimulus in die vorm van persoonlike belastingverlagings en 'n toename in regeeringsbesteding ook tyd kos om 'n positiewe uitwerking te hê.

\*\* Alle syfers word aangehaal soos op 28 Februarie 2009, tensy anders vermeld.